# FILOSOFIESE GRONDSLAE VAN DIE VOLKEKUNDE[1])

## 1. Inleidende woord.

Die voordrag word voor 'n vereniging van filosowe gehou en die voordraer is nie 'n filosoof nie, wil ook nie voorgee om een te wees nie. Nietemin maak ek graag van die geleentheid gebruik om 'n bespreking oor my eie vak in te lei omdat ek 'n behoefte gevoel het om by so 'n geleentheid gedagtes met filosowe en ander vakkundiges, vanaand hier aanwesig, te wissel. Van my kant sal ek probeer om 'n aanduiding te gee van wat na my oordeel die grondslae van die Volkekunde is en hoe die besondere studieveld daarvan hierdeur bepaal word.[2]) Graag wil ek egter vooraf bely dat ek nie glo in die afbakening van terreine, veral nie in die geval van dissiplines wat die mens as voorwerp van studie het nie. Die mens se lewe vorm 'n eenheid en kan nie in waterdigte kompartemente of afgebakende gebiede ingedeel word nie. Die „menswetenskappe" het almal dieselfde voorwerp van studie. Die besondere studieveld van elke afsonderlike dissipline moet bepaal word deur *foci* van belangstelling. Alles wat verband hou met die sentrale punt van belangstelling van 'n besondere wetenskap, hoort binne die studieveld van daardie besondere wetenskap te val. Langs hierdie weg sal en moet daar oorvleueling in die werk- en studievelde van die verskillende menswetenskappe wees. Dit is reg en gesond. Ek reken dit is nodig dat ons hierdie belydenis vooraf stel. Waar die Volkekunde 'n besondere focus van belangstelling het, besef hy dat hy nie die uitsluitlike reg het op stof wat deur hom hanteer word nie.

---

1) Voordrag gehou voor die Filosofiese Vereniging van die Universiteit van Pretoria.
2) Hierin sal geen poging aangewend word om 'n kritiese betragting te gee van die beskouinge van ander volkekundiges nie.

## 2. Vakbenaminge.

Enige persoon wat begin met die studie van die Volkekunde kom te staan teenoor 'n verskeidenheid van name vir hierdie vak. Hierdie menigvuldigheid is 'n las en werk verwarring in die hand. Naas *Volkekunde* figureer ook die volgende benaminge ten opsigte van die studieveld: *Antropologie, Kulturele Antropologie, Sosiale Antropologie, Fisiese Antropologie, Somatologie, Etnologie, Etnografie, Mensekunde, Rassekunde (Rasseleer), Kultuurleer, Kulturologie, Antropobiologie, Antropopsigologie* en *Antropososiologie.*

Dit is nie nodig om hier te konstateer dat al hierdie benaminge nie dieselfde betekenis het nie en dat die benaminge nie as sinonieme gebruik kan word nie. Besondere benaminge het egter vir verskillende persone en in verskillende lande verskillende betekenisse. Die verloop van tyd het in sommige van die ouer lande ten opsigte van sekere benaminge verandering in betekenis meegebring. Nuwe name het gekom en ander het in onbruik geraak. Die rede vir hierdie bonte benaming moet gesoek word in die betreklike jeugdigheid van die vak, die snelle ontwikkeling en uitbouing daarvan, en ook in die feit dat daar ernstige verskil van mening ontstaan het oor wat die studieveld en metodes van die vak moet wees.

Dit is nodig dat die name wat vandag verskillend gebruik word gerasionaliseer word vanuit die oogpunt van die behoeftes van die vak gebaseer op logiese oorweginge. Intussen gebruik ons die term Volkekunde, sonder om vooraf 'n verklaring te gee van wat daarmee presies bedoel word. Die presiese betekenis daarvan hoop ons sal duidelik word uit die betoog oor die grondslae van die vak.

## 3. Algemene Opvatting oor die Studieveld van die Volkekunde.

Kyk ons na die uiteensetting van Mühlmann van wat Volkekunde is, en dit in die jaar 1954 in die „*Handbuch der Wissenschaftskunde*" uitgegee onder redaksie van Werner Schuder[1]), dan lees ons die volgende: „Völkerkunde ist die Wissenschaft von der Entstehung und den geschichtlichen Schicksalen der sog. Naturvölker der Menschheit. Unter, ‚Naturvölker' sind dabei die geographish entlegenen, in Rand- oder Rück-zügsgebiete der bewohnten Erde abgedrängten, dem Umfang nach kleinen Gruppen der Menschheit zu verstehen, deren technisch-zivilisatorische Ausrüstung — von uns aus gesehen — ruckständig, ‚primitiv' erscheint. Naturvölker sind also technisch arme, ‚von der Natur abhängige' Menschengruppen." Hierdie natuurvolke wys „altertümliche Züge der Kultur, der sozialen Ordnungen, der Rechtsentwicklung und geistigen Verfassung auf, Züge die bis zu einem gewissen Grade unsere eigene geschichtliche (oder vorgeschichtliche) Vergangenheit spiegeln."

---

1) Mühlmann E.: *Völkerkunde.* Afdeling in Vierte Lieferung, Universitas Literarum, Handbuch der Wissenschafskunde, uitgegee onder redaksie van Werner Schuder, Berlin 1954, p. 271-2.

Vir hom is die begrip natuurvolk egter 'n relatiewe begrip. Daar is tallose oorgangstadia tussen natuurvolk en beskaafde volk. „Im allgemein kann man sagen, dass Naturvölker gerade nicht Völker im Sinne der modernen Nationen sind; sie stehen vielmehr hinsichtlich der sozialen Entwicklung auf der Stufe von Horden, Sippen, Klans oder Stämmen." Hierby moet ook nog gereken word dat die Galliese en Germaanse stamme vir die Romeine van uit hulle beskawingsoogpunt, natuurvolke gewees het, en uit hierdie natuurvolke het die Franse en Duitse beskaafde volke ontwikkel.

Verder sê MÜHLMANN dat die term Volkekunde ontoereikend is maar dat dit 'n probleem is wat ook in ander wetenskappe bestaan: n.l. dat die vlag nie die lading dek nie. Naas die term Volkekunde word as newe-terme die vreemde woorde Etnologie en Etnografie gebruik. In die Engelse lande is die terme „Ethnology" en „Ethnography" ook gebruiklik naas die terme „Social Anthropology" en „Cultural Anthropology en selfs net „Anthropology".[1])

Hy sê verder dat die Volkekunde verskeie hulpwetenskappe het waarvan die natuurwetenskaplike antropologie, (anthropo-biologie), een van die belangrikste is. Die biologiese in die Volkekunde is belangrik: „Träger der völkerkundlichen Phänomene ist der Mensch, daher benötigt der Völkerkundler eine Kenntnis der biologischen Ausrüstung des Menschen und seine Gliederung in biologischen Typen, (Rassen, Gautypen, usw.).[2])

In die laaste instansie sê MÜHLMANN dat Volkekunde 'n onderdeel vorm van die hoofwetenskap Antropologie of, „Menschenkunde". Indien hierdie hoof-dissipline in drie afdelings verdeel word nl. Antropobiologie, Antropo-psigologie en Antropo-sosiologie, dan val die Volkekunde onder die sosiologie.

Na aanleiding van die boonste kan ons konstateer dat MÜHLMANN in hierdie resente werk reken

(1) Dat Volkekunde hom by die primitiewe volke bepaal.

(2) dat Volkekunde of Etnologie en Etnografie ooreenslaan met Kulturele en Sosiale antropologie of selfs net Antropologie in Engelse lande.

(3) dat Volkekunde ten nouste met die biologiese aspek van die mens se wese en bestaan verbind is.

(4) dat Volkekunde val in die afdeling Antropo-sosiologie van die hoofwetenskap Antropologie.

In 'n vroeëre werk sê dieselfde skrywer „die heute noch herrschende Anschauung weist der Völkerkunde in der Regel das Studium der kul-

---

[1]) t.a.p. p. 271-2.
[2]) t.a.p. p. 273.

turellen Schöpfungen bei den sogenannten Naturvölkern zu. Davon weicht die Anschauung des Verfassers . . . ab: Gegenstand der Völkerkunde sind nicht nur die Naturvölker sondern alle Völker der Erde."[1]) MÜHLMANN is dus tenopsigte van die eerste van die vier bogenoemde punte met homself in stryd en het klaarblyklik van standpunt verander.

In sy werk *Ethnology* beskrywe KEANE die gebied van die Etnologie soos volg: „Hence ethnology, like anthropology necessarily proceeds by the comparative method, co-ordinating its facts with a view to determining such general questions as the antiquity of man; monogenism or polygenism, the geographical centre or centres of evolution and dispersion; the number and essential characteristics of the fundamental human types; the absolute and the relative value of racial criteria, miscegenation; the origin and evolution of articulate speech and its value as a test of race; the influence of environment on the evolution of human varieties, on their pursuits, temperament, religious views, grades of culture, the evolution of the family, clan, tribe, and nation."[2])

Uit hierdie aanhaling blyk dit dat KEANE se *ethnology* 'n baie sterk biologiese inslag het.

EVANS-PRITCHARD gee op sy beurt die volgende oor etnologie en sosiale antropologie: „The task of Ethnology is to classify peoples on the basis of their racial and cultural characteristics and then to explain their distribution at the present time, or in the past times, by the movement and mixture of peoples and the diffusion of cultures."[3])

Etnologie is dus 'n soort geskiedenis gebaseer op vergelykende studie maar „Ethnology is . . . not history in the ordinary sense, for history tells us not that events may have happened, but that they did happen, and not merely that events have taken place, but how and when they happened and often why they happened. For this reason, and because ethnology can in any case tell us little about the past social life of primitive peoples, its speculations, as distinct from its classifications have limited significance for social anthropologists."[4]) „Ethnology" is dus nie net 'n soort geskiedenis nie maar 'n bedenklike soort geskiedenis wat vir die vak *social anthropology* nie veel waarde het nie. „Social anthropology has quite a different task to perform. It studies . . . social behaviour, generally in institutionalized forms, such as the family, kinship systems, political organization, legal procedures, religious cults, and the like, and the relations between such institutions . . . either in contemporaneous societies or in

---

1) MÜHLMANN, *Methodik der Völkerkunde*, Stuttgart, 1938.
2) KEANE: *Ethnology*, Cambridge 1901 (herdruk v.d. 2de uitgawe 1896. Eerste uitgawe 1895), p. 3.
3) EVANS-PRITCHARD: *Social Anthropology*, London, 1951, p. 4.
4) *Ibid*, p. 5.

historical societies.[1]) Social Anthropology can . . . be regarded as a branch of sociological studies, that branch, which chiefly devotes itself to primitive societies."[2]) In hierdie opsig stem EVANS-PRITCHARD saam met RADCLIFFE-BROWN wat vandag eintlik as die vader van die huidige Engelse volkekundiges beskou kan word: „In Anthropology, meaning by that, the study of what are called the primitive or backward peoples, the term ethnography applies to what is specifically a mode of idiographic enquiry, the aim of which is to give acceptable accounts of such peoples and their social life. . . . The theoretical study of social institutions in general is usually referred to as sociology, but as this name can be loosely used for many different kinds of writings about society we can speak more specifically of theoretical or comparative sociology."[3])

Saam met FRAZER definieer hy „Social Anthropology as that branch of sociology that deals with primitive societies."[4]) 'n Bietjie verder sê hy: „Comparative sociology, of which social anthropology is a branch is here conceived as a theoretical or nomothetic study of which the aim is to provide acceptable generalizations."[5])

RADCLIFFE-BROWN het geen vertroue in historiese analises nie. Om historiese analises te maak is „historical records" voor nodig. „In the pıimitive societies that are studied by social anthropology there are no historical records . . . Anthropologists, thinking of their study as a kind of historical study, fall back on conjecture and imagination, and invent ,pseudo-historical' or 'pseudo-causal' explanations." Hy verwerp historiese verklaringe egter nie heeltemal nie[6])

BOAS, die geestelike vader en leermeester van die meeste Amerikaanse volkekundiges, beweer die volgende: „The science of Anthropology deals with the history of human society. It differs from history in the narrow sense of the term in that its inquiries are not confined to the periods for which written records are available and to peoples who had developed the art of writing. Anthropological researches extend over the whole of humanity regardless of time and space."[7]) Volgens hom is daar „three great problems of Anthropology:

1. The reconstruction of human history;
2. The determination of types of historical phenomena and their sequences.
3. The dynamics of change."[8])

---

[1]) EVANS-PRITCHARD, *ibid*, p. 5.
[2]) EVANS-PRITCHARD *ibid*, p. 5, 11.
[3]) RADCLIFFE-BROWN: *Structure and Function in primitive sociality*, London, 1952, p. 2.
[4]) RADCLIFFE-BROWN: t.a.p.
[5]) *Ibid*, p. 3.
[6]) *t.a.p.*
[7]) BOAS: *General Anthropology*, 1938, p. 1.
[8]) *Ibid*, p. 4.

Hy betoog verder dat *Anthropology* verband het met geskiedenis vir sover dit hom bepaal by die geografiese verduideliking van die orde van kultuurverskynsels in tyd en ruimte, en dit het verband met die sosiologie vir sover dit bogenoemde verskynsels tipologies met die oog op die bepaling van "laws of sequence" en "dynamic relations"[1]) benader.

Gaan ons weer terug na die *Handbuch der Wissenschaftskunde* (red. WERNER SCHUDER) vind ons daarin onder die afdeling *Anthropologie* ook 'n uiteensetting van EUGEN FISCHER van wat „Volkekunde" is: „Der Name Anthropologie — Lehre vom Menschen — wird in den Wissenschaften sehr verschieden gebraucht, eine bedauernswerte Unsicherheit." Dit is gedeeltelik te wyte aan die feit dat die wetenskap eers laat sy verskyning gemaak het ten gevolge van berigte van vreemde mensesoorte en hulle besittings, doen en late, afkomstig van wêreldreisigers, koopliede en matrose. „Das Hauptgrund aber für die späte Festigung einer anthropologischen Wissenschaft war deren Anspruch, *den* Menschen zu erforschen, also nich etwa, wie die Anatomie, sich zu bescheiden mit Beobachtungen über Bau und Organe des menschlichen Körpers oder, wie etwa die Geschichte mit der Erforschung der Schicksale und Taten der Völker, nein, *den* Menschen seine Herkunft, seine Stelling in der Natur, in der Schöpfung, sein eigentliches Wesen. Das wollten schon die ersten Gelehrten die dafür den Namen Anthropologie gebrauchten." Dit spreek vanself dat die eerste pogings betrekking gehad het op die sogenaamde „wilde-", *gekleurde-* of *natuur*-volke omdat die wese en herkoms van die Christelike mense tog deeglik in die Skrif vasgelê is en dus buite die bestek van navorsing geval het. „So kam es, dass man die schüchteren und von den verschiedensten Seiten her und mit ganz verschieden Fragestellungen an das Rätsel Mensch herantaste, und, alle Richtungen nannten sich ‚Anthropologie'." In Duitsland is die term „Anthropologie" vir 'n lang periode net gebruik in die sin van natuurwetenskaplike antropologie. In die jongste tyd word daar egter weer terug gekeer na die ou gebruik van die term. Daar word selfs gepraat van „Kulturanthropologie", „philosophische" en „geisteswissenschaftliche Anthropologie." So word daar ook in die Engelse lande van Antropologie gepraat wat die natuurgeskiedenis van die mens insluit sowel as „*Ethnologie" in die betekenis van* „*Völkerkunde* (Soziologie, Ethnographie)". Na 'n algemene bespreking kom EUGEN FISCHER tot die besluit: „Es wäre zweifellos am besten, den Namen Anthropologie, entsprechend seiner wörtlichen Übersetzung, für die *Menschheitskunde* ganz in *Allgemeinen* und allumfassenden zu benützen und die *Naturwissenschaft* des Menschen als *Anthropobiologie* zu bezeichnen."[2]) Onder Anthrobiologie plaas EUGEN FISCHER egter 'n wetenskap wat hy „Sozialanthropologie"

---

[1]) *Ibid*, p. 5.
[2]) FISCHER, EUGEN: *Anthropologie*. Afdeling in Universitas Literarum: Handbuch der Wissenschaftskunde Dritte Lieferung Berlin, 1953, p, 196-7.

noem wat biologies van aard is (die biologiese mens in sosiale verband) en wat weer heeltemal iets anders is as die „social anthropology" van die Engelse antropoloë.[1])

Uit hierdie vlugtige oorsig oor die beskouinge van verskillende volkekundiges gekies uit die vasteland van Europa, Engeland en Amerika, wat nie eers ten volle verteenwoordigend is nie en waarby ons nie verder krities wil stilstaan nie is die verskil in opvatting baie opmerklik, en u sal my gelyk gee dat daar geleentheid is vir verbetering en dat hersiening in hierdie opsig noodsaaklik is. Die enigste punt waaroor daar nou algemene ooreenstemming is, is dat Antropologie *die algemene wetenskap* is wat hom tot die studie van *die mens* bepaal en hierby wil ons aansluit. Die wetenskap rig hom tot die mens en dit is dus by die mens en ten opsigte van die mens waar ons die grondslae van die wetenskap moet soek. Ons sal nou dus daartoe oorgaan om deur betragting van die mens en sy lewe te geraak tot die logiese grondslae waarop ons dissipline rus en waarop dit uitgebou is of behoort te wees. Wanneer ons na hierdie logiese grondslae van die besondere dissipline gaan soek, dan doen ons dit met die kennis en bewussyn dat daar 'n hele reeks van ander wetenskappe is wat die mens as studievoorwerp en sy lewe op een of ander wyse as studieveld het. Dit sal dus vir ons nodig wees om duidelikheid te bring oor die besondere sentrum van belangstelling van ons dissipline. Om die logiese grondslae vir die wetenskap en die besondere studieveld daarvan aan te dui, sal dit nodig wees om na die mens te kyk, die mens as probleem te benader, en as verskynsel te objektiveer in die sin soos deur BIDNEY gestel: . . . „man is a problem to himself because he alone has the ability to reflect upon himself and his experiences . . . he alone has the ability to objectify himself, to stand apart from himself, as it were, and to consider the kind of being he is and what it is that he wants to do and to become."[2]) Langs hierdie weg hoop ons dan om tot klaarheid te kom.

## 4. DIE MENS AS LEWENDE ORGANISME.

### (*a*) *Algemeen inleidend.*

Enige wetenskap wat die mens en sy lewe as tema het, behoort die mens as verskynsel te bestudeer teen die agtergrond van sy bestaan. SPENCER het in sy *Principles of Sociology* reeds beweer dat die gedrag van verskynsels kenbaar word uit „the co-operation between its own forces and the forces to which it is exposed" of soos hy dit ook stel uit „the combined influences of its intrinsic nature and the environing actions, inorganic and organic."[3]) Ons is dus verplig om nie alleen die mens as sodanig te betrag

---

1) *Ibid:* 198, 204, 206. Vgl. dit met die „Social Anthropology" van EVANS-PRITCHARD en RADCLIFFE-BROWN soos bo uiteengesit.
2) BIDNEY: *Theoretical Anthropology*, New York, 1953, p. 3.
3) SPENCER: *Principles of Sociology*, 3de Uitgawe, London, 1906, p. 8.

nie maar ons sal na hom moet kyk soos wat hy in sy omgewing leef en soos wat hy daar aangetref word.

Die mens hoort tot die biologiese wêreld en is saam met ander verskynsels die produk en draer van die algemene lewensprinsipe in 'n besondere vorm en gestalte. Hy is produk van die vormende krag van die Lewe wat uit stof, uit bestanddele in die aarde en die lug, onder medewerking van die koesterende strale van die son, al groeiende deur stofwisseling en selverdeling, laat opstaan 'n haas eindelose reeks van nuwe vorme wat hulle self vernu en perpetueer deur 'n proses van voortplanting. Sulke organismes bestaan en leef voort in 'n bepaalde omgewing waarin aanwesig is die noodsaaklike voorwaardes vir die bestaan en voortbestaan van lewende vorme, die media waaruit en deur middel waarvan die Lewe homself en sy miljarde vorme instand hou. Elke lewende organisme het sy eie besondere uiterlike en innerlike kenmerke en leef ooreenkomstig sy besondere aard in nouste verbintenis met die omgewing waarin hy gebed is, waarby hy aangepas is en gedurig by verandering en by wisseling heraanpas. Om et lewe beteken dus aanpassing aan omgewing ooreenkomstig die besondere aard van die organisme. Die noodsaaklike voorwaardes vir bestaan kan wissel van organisme tot organisme. Dit hang alles af van die besondere „natuur" wat die Lewe in elke besondere organisme aanneem. In die mens het die Lewe homself in 'n besondere gestalte tevoorskyn laat tree. In die mens het die Lewe hom in 'n besondere lewende gestalte ingeperk, en hierdie inperking van homself in 'n besondere gestalte verleen aan hierdie wese besondere „natuurlike" of wesentlike karaktertrekke. Hierdie wese, die mens, lewe in 'n vir hom bepaalde omgewing, en deur wisselwerking van hierdie twee stelle faktore neem die lewe van die mens 'n besondere vorm aan.

Dit sal dus vir ons nodig wees om die menslike aard, wese, natuur, hoe ons dit ook al wil noem, nader te betrag en ook die omgewing waarin die mens bestaan. Die gestalte van sy lewe kan ons alleen ken en verstaan as ons hom en sy omgewing ken en verstaan. Dit kan ons alleen bereik deur waarneming en omdat elkeen van ons self mens is, moet die waarneming van die „ek" en die „eie lewe" uit die aard van die saak 'n rol speel. Die mens is in die opsig bevoorreg dat hy homself beter kan leer ken as wat hy enige ander verskynsel buite hom kan ken want hy vorm deel van homself. Die skeidslyn tussen die waarnemer en die waargenome, tussen subjek en objek, is minstens vir sover dit die mens betref binne in die waarnemer opgehef. Dat dit kan lei tot egosentriese en subjektivistiese beskouinge is vanselfsprekend. Wanneer mens egter met die nodige nederigheid teenoor hierdie probleem staan, teenoor jouself en teenoor andere, word die kanse dat jou bevindinge met die ego opgeblaas sal wees egter gering. Die rol van die ego kan by die benadering van die mensprobleem uit die aard van die saak nooit uitgeskakel word nie, bloot omdat die soeker na waarheid kragtens sy menswees, in hierdie geval, deel vorm van die waarheid waarna ge-

soek word en die subjek-objek verhouding verval. Subjek en objek word een al beroem ons ons daarop dat ons teenoor onsself objektief kan staan.

(*b*) *Die Wesenstrekke van die Mens.*

Soos ons dit waarneem val die wesenstrekke van die mens in vier hoof kategorieë: fisies-biologies, intellektueel, spiritueel, sosiaal. Ons kan die verskillende kategorieë een na die ander in die volgorde betrag. Die middelste twee (intellektueel en spiritueel) kan onder die term psigies saamgevat word. Vir ons doel hou ons die twee begrippe egter nog afsonderlik.

(i) *Die Fisies-biologiese.*

Die Mens soos reeds bo aangedui is 'n produk en 'n besondere ingeperkte gestalte van die Lewe en hy hoort dus tot die biologiese verskynsels op die aarde. Biologies hoort hy tot die diereryk. Ten opsigte van sy liggaamlike samestelling is hy in die meeste opsigte soos enige dier. Die menslike organe het hulle homologieë in die liggaamsbou van die diere. So is dit ook met die liggaamlike funksies gesteld. Hy eet om te bly lewe, hy plant homself op seksuele wyse voort ens. Die diere waarmee hy die grootste ooreenstemminge vertoon, is die wat tot die primate orde behoort en tot hierdie orde word hy ook gereken. Daar is egter belangrike liggaamlike verskilpunte tussen die mens en die ander lede van die pirmate orde. Die mens loop regop, hy gebruik nie sy hande vir loopdoeleindes nie. Hy het 'n ruimer mondholte en 'n beweeglike tong. Sy natuurlike en organiese wapens is maar swak, sy liggaam is naak en aan die elemente blootgestel, sy sintuie is relatief stomp, hy is maar stadig in sy bewegings en sy lewensterrein is die aardbodem self wat hy met sy twee platvoete bewandel. Sy hande het hy egter vry gekry en die is op besondere wyse verbind met sy intellektuele gawes sodat dit 'n skeppingsvaardigheid besit wat afwesig is by enige ander lid van die primate orde.

(ii) *Die Intellektuele.*

Die mens mag vir sover dit sy liggaamlike samestelling betref groot ooreenstemminge met die dier toon. Ten opsigte van die verstandelike vind ons egter dat die mens intellektuele gawes het wat in die dier afwesig is. Die mens is 'n skerp verstandelike wese. Sy verstand getuig van 'n kenningsvermoë, 'n vermoë om verskynsels in hulle kousale en logiese verband te sien en te verstaan. Dit sluit in die vermoë om waar te neem, te redeneer en op grond daarvan afleidinge te maak. Die kenningsvermoë is in die mens aangevul deur 'n voorstellingsvermoë, 'n verbeeldingskrag, wat dit vir hom moontlik maak om met sy verstand in 'n ideëwêreld te leef, 'n wêreld van simbole en begrippe. Deur middel van sy voorstellingsvermoë kan hy wat nie bestaan nie, tevoorskyn roep en hulle in 'n besondere verband en op besondere wyse aanmekaar skakel. Die mens kan intens

bedrywig wees op 'n groot opgesette toneel in totale stilte, sonder merkbare beweging, en dit deur middel van sy verstand. 'n Groot gedeelte van die menslike aktiwiteit word afgespeel binne die enge perke en die buitengewone ruimte van sy verstand. In hierdie opsig staan die mens ver bokant die dier. Dit maak dit vir die mens moontlik om te leer, 'n sisteem van kennis in sy geheue op te bou wat 'n grondslag vorm vir sy gedrag na buite en wat 'n veranderlikheid aan sy lewe verleen wat nie eie is aan die van die dier nie. Van die bekende lewende wesens is daar nie een wat enigsins by benadering hierdie vermoë van die mens besit nie. Selfs die lede van die sub-orde antropoïde kom in hierdie opsig nie naby die swakste van die normale mens nie. Dit is hierdie vermoë van die mens om begrippe te vorm en om hulle in logiese verband met mekaar te stel wat dit vir hom moontlik gemaak het om deur middel van daartoe aangepaste spraakorgane, sy gedagtes in verstaanbare vorm te verklank, in klank- en toonreekse wat sinvol is vir 'n spesifieke groep van mense op die aarde. Deur middel van sy spraak is dit vir een mens moontlik om 'n ander in sy wêreld van gedagtes, gevoelens en ideë in te lei sodat die een dieselfde ervaringe op intellektuele of selfs emosionele vlak kan hê as die ander, en die een so van die ander se gedagtes kan leer en profiteer. Ten gevolge van die menslike spraak kan die mens kennis akkumileer wat 'n baie groot invloed het op sy lewe. Die menslike brein is 'n organiese instrument wat in bruikbaarheid en in potensialiteit alle ander organiese instrumente weergaloos oortref.

(iii) *Die spirituele.*

Die mens is die produk van die Lewe, die immateriële skeppende Krag wat uit stof gestalte aan die mens gegee het. Dit is vir ons die werking van die Al-geestelike, die Al-krag, God. Die Lewe in die mens as goddelike element is 'n faset van God. Hierdie faset van God is in die mens as skeppingskrag soos in enige ander organisme werksaam. Hierdie skeppingskrag het in die mens as skepsel egter 'n kenapparaat ingeskape wat geen ander organisme ontvang het nie. Ten gevolge van hierdie groter gawe aan die mens kom die skeppende Substans in Sy skepsel tot Selfkennis en so kom die Goddelike in die mens tot Selfkennis en daarmee het hierdie faset van God as Kennis 'n ewigheidsbestaan verkry, nl. Die Gees van die Mens, 'n Kragentitiet wat self kan wil. Gesien vanuit die standpunt van die mens, die skepsel, beteken dit dat die mens van homself bewus geword het en terwyl die skepsel die Skepper uit homself nie ken of kan ken nie, leer hy by bewuswording van homself, homself ken as 'n outonome entiteit wat sy heil in die tydruimtelike orde moet uitwerk. Hoewel die mens God nie uit homself ken of kan ken nie, is hy bewus van sy goddelike oorsprong, van sy geankerdheid in 'n nie-tydruimtelike orde, bewus van sy diepste wese waarvan die uiterlike alleen maar 'n fisiese manifestasie is. Wat hierdie orde is en wat hierdie diepste wese is, lê buite sy kenveld. Hy weet egter en deur sy wete kom die gewete te voorskyn net soos uit sy denke die ge-

dagte ontstaan. Daar is 'n verskil tussen die gedagte en die gewete. Die gedagte is die produk van sy rede, behorende tot hierdie orde, die gewete is kennis wat uit die Al, uit God, in die mens neerdaal. Onder die invloed van prikkelinge kan die mens sy eie gedagtes opwek en dit ten gevolge van sy besondere intellektuele gawes (verbeeldingskrag, rede, intelligente waarneming) en so kan hy vir hom 'n ideëwêreld skep. Dit is sy gees in werking maar kennis kan ook langs 'n ander weg tot die mens kom vanweë sy geankerdheid aan God. Die rykheid of armoede van hierdie Godgegewe kennis, die krag of die swakheid van die gewete word bepaal deur die gerigtigheid van die menslike gees, nl. of hy selfgerig of Godgerig is.

Samevattend kan ons sê dat die Gees van die Mens sy oorsprong uit God het, dat hy in God bestaan, dat hy God nie ken nie maar van Hom, bewus is, en dat dit 'n afsonderlike kragentiteit is wat selfstandig kan dink, wil en handel, dat God deur die mens se gees deurgang het tot sy bewussyn en hy ook kennis uit dié Bron kan bekom.

(iv) *Die Sosiale.*

Die mens is nie 'n eenlopende wese nie, hy leef in sosiale verbande. Die begrip indiwidu ten opsigte van die mens is eintlik maar 'n filosofiese abstraksie of dit dui 'n onmens aan. Die blote wyse van voortplanting en die langdurige afhanklikheid van die menslike nakroos verbind 'n groepie van mense van verskillende geslag en ouderdom tot samewoning, samewerking en onderlinge versorging. Die ou opvatting dat daar geen huwelik was nie en dat kinders nie hulle ouers geken het nie, het geblyk die vrug van die klassieke evolusioniste[1]) se verbeelding en onjuis te wees. Die langdurige afhanklikheid van die nakroos het sy aanvulling in die geneentheidsemosie wat ouers teenoor mekaar en saam teenoor hulle kinders het. Mense wat saam leef en gevare, eise van die lewe, gemeenskaplik die hoof gebied het, ontwikkel 'n geneëntheidsgevoel, 'n gevoel van liefde, teenoor mekaar. BRIFFAULT[2]) skryf hierdie geneentheidsemosie toe aan die ontplooiing van die filiale en paarinstinkte wat by al die hoër lewende vorme aangetref word, en wat die voortbestaan van die soort verseker. Al betekenis wat dit vir ons het, is dat dit kenmerkend van die hoër lewensvorme en tipies van die mens is. Gesinne is deur die emosie van liefde aanmekaar gesementeer. Mense leef saam en hierdie samelewing is essensieel vir hulle bestaan en voortbestaan.

By wyse van rekapitulasie kan ons hier sê dat die uitstaande wesenstrekke van die mens onder hierdie vier hoofde gesien moet word:

Fisies-biologies, Intellektueel, Spiritueel en Sosiaal.

---

1) MCLENNAN: *Studies in Ancient History.*
MORGAN: *Ancient Society.*
BACHOFEN: *Das Mutterecht.*

2) BRIFFAULT: *The Mothers.*

Ons moet egter in gedagte hou dat die mens met verskillende wesenstrekke 'n eenheidswese is en dat sy wesenstrekke uit die aard van die saak 'n innerlike onderlinge gebondenheid besit.

(c) *Die omgewing van die Mens.*

Vroeër in ons betoog het ons beweer dat die mens teen die agtergrond van sy omgewing gesien moet word om sy lewe te verstaan. Ons moet dus hier nog aandag aan die menslike omgewing gee. Dit spreek vanself dat dit wat vir die mens omgewing is uit die aard van die saak verband sal hê met sy besondere wesentlike aard soos ons reeds uiteengesit het. Dit wat vir die mens omgewing is, kan onder drie hoofde gerankskik word nl. die Natuurlike, die Sosiaal-kulturele en die Spirituele omgewing. Ons kan hierdie drie soorte omgewings, een na die ander nader betrag.

(i) *Die Natuurlike omgewing.*

Natuurlik word hier in sy engere sin gebesig, nl. die fisies-geografiese wat insluit klimaatomstandighede, bodemsgesteldheid en algemene aard en voorkoms van die gebied waarin die mens sy bestaan voer. As ons meer in besonderhede moet gaan dan kan ons die volgende meer bepaald noem: vogtigheidsgehalte en die wisseling daarvan, reënval en die wisseling daarvan, temperatuur uiterstes en verandering, waterrykheid en waterarmoede, toestand van begroeidheid (die natuurlike dekking van die aardoppervlakte), aan of afwesigheid van berge, heuwels, vlaktes, riviere, grondstowwe in die bodem, of dit 'n eiland gebied is of 'n vasteland, kortom: die algemene natuurlike lewensterrein van die mens en alles wat daarmee saamhang, die perke wat dit stel en die moontlikhede wat dit bied. Die natuurlike terrein waarop en die omgewing waarin die mens tydruimtelik die pas markeer.

(ii) *Die Sosiaal-kulturele omgewing.*

Die sosiaal-kulturele omgewing is effens meer kompleks en ons is hier verplig om die begrip kultuur te gebruik voordat ons nader aangedui het wat ons presies daarmee bedoel. Ons het reeds vantevore betoog dat die begrip individu ten opsigte van die mens as 'n isolaat, 'n abstraksie is. Elke individu vorm egter 'n skakel in 'n groter geheel en as sodanig kan 'n individu teenoor 'n ander individu as 'n omgewingsfaktor te staan kom: een mens teenoor ander mense, een groep van mense teenoor 'n ander groep van mense (gesin, verwantegroep, ens.), een stam of volk teenoor 'n ander stam of volk. Een mens of groep van mense staan nie net teenoor ander as omgewingsfaktor nie, maar 'n mens of groep van mense kan ook teenoor 'n lewenswyse, idees en begrippe te staan kom. Hierdie verskynsels word in die geval van die mens hoofsaaklik kultureel bepaal. 'n Mens en 'n groep van mense is ondenkbaar sonder en onafskeibaar van 'n gekultureerde lewens- en denkwyse. Die kultureelbepaalde ideë- en simboliese wêreld

kan vir die mens 'n geweldige omgewingsrealiteit wees. Vandaar dat ons ook die dubbelloop naam, sosiaal-kulturele omgewing in hierdie besondere instansie besig. Tot verdere duidelikheid moet ons egter hier konstateer dat wanneer ons hier praat van die mens dan is dit nie net die mens soos hy in sy fisiese gestalte staan nie maar die hele mens met al sy wesenstrekke soos ons dit nou net reeds probeer uiteensit het. Ons moet ook hier aan die mens dink soos hy in sy komplekse samestelling as 'n gegewe bestaan.

(iii) *Die Spirituele omgewing.*

Hieroor hoef ons nie lank uit te wei nie omdat ons reeds ten dele hierby stilgestaan het. Ons kan egter byvoeg dat 'n mens saam met ander mense lewe en by gevolg saam met ander geesteswesens wat vir hom op spirituele vlak almal omgewingsfaktore is, bestaan. Mense beïnvloed mekaar van gees tot gees langs 'n „immateriële" weg op 'n wyse wat tot nog toe nie bekend is nie. Aan die ander kant is die mens deur sy gees bewus van 'n aanraking met en 'n gebondenheid aan 'n wyer en dieper geestesbestaan wat hy in homself nie ten volle kan ken nie. In die geloof kan die mens egter deur sy gees deurgang verkry tot die Al-geestelike, naamlik God, en so 'n ruimer en ryker geestesbestaan beleef wat nie tydruimtelik gebonde is nie. Sonder om verder hierop in te gaan, voel ek my egter verplig om hier te verklaar dat hierdie voorreg nie sonder voldoening aan besondere voorwaardes kan geskied nie en dan ook alleen op uitnodiging van God. Die mens het dus op spirituele vlak, d.w.s. nie tydruimtelik, 'n enger ongekende bestaansterrein wat sy denke en handeling beinvloed met 'n belofte en 'n geleentheid tot 'n veel ryker geesteslewe. 'n Ryker wêreld van nie net mensgevatte idees en simbole nie maar 'n wêreld van waarheid.

Die omgewing waarin die mens 'n bestaan voer, is dus netsoos die mens self van 'n uiters komplekse aard. Dit is in hierdie komplekse omgewing wat eintlik tot drie afsonderlike ordes: 'n natuurorde, die kultuurorde, en die spirituele-orde, behoort, waarin die mens moet lewe en waarby hy hom moet aanpas.

## 5. Die lewe van die Mens as organisme teen die agtergrond van sy Omgewing.

### (*a*) *Lewe is aanpassing ook vir die mens.*

Enige lewensvorm van watter aard ookal moet pas in die omgewing waarin hy 'n bestaan voer anders gaan dit ten gronde. Alleen daardie lewensvorme wat instaat is om die lewensmiddele wat die omgewing bied te gebruik vir sy instandhouding en wat instaat is om hom te weer teen die gevare van buite wat sy bestaan bedreig, en wat instaat is om homself binne daardie omgewing voort te plant, kan leef en bly voortleef. Enige verande-

ring in die lewensvorm self, sy dit die gevolg van spontane variasie of van mutasie, wat ten gevolg het dat die lewensvorm nie meer pas in daardie omgewing nie, gaan ten gronde. Dieselfde gebeur wanneer daar 'n omgewingsverandering intree. So 'n omgewingsverandering skep meteens nuwe lewensvoorwaardes en indien 'n lewensvorm nie meer daarby pas nie, gaan dit ten gronde. So'n intieme verband is daar tussen organismes en hulle omgewings.

Onder normale omstandighede is alle suksesvolle lewensvorme duskant die mens biologies volmaak aangepas by hulle onderskeie natuurlike omgewings. Die mens daarenteen is relatief onaangepas. Sy liggaam is kaal, sy tande is kort, hy het nie horings nie, sy naels is slap, sy vel is dun en het geen skubbe nie, sy reukorgane en gehoor is relatief swak ontwikkel. Dat hy egter nie heeltemal onaangepas is nie, word baie duidelik deur sy biologiese hoedanighede aangetoon.

Coon, garn en Birdsell sê in die verband: „Changes in the genetic-make-up of human beings have been taking place for hundreds of millenia through the process of mutation and selection without the intent or even the knowledge of man himself. A reason for this is that human beings, like other organisms, live in specific physical environments which are not all alike. Whatever the details of the mechanism involved differences between genera, species and races have arisen in response to kinds of environments change, and this is as true of man and related primates as of any other animal."[1]) Veranderinge in die natuurlike omgewing bring veranderinge in die fisiese voorkoms van die mens langs natuurlike weg tot stand sonder dat hy wil of daarvan bewus is.

Tenspyte van hierdie proses van natuurlike aanpassing van die mens wat deur die natuur gereël word, is die menslike liggaam van nature veel minder aangepas aan sy omgewing as die dier en tog bly die mens voortlewe. Die rede hiervoor is dat die mens ander kwalitiete het wat dit vir hom moontlik maak om self te besluit oor die proses van aanpassing aan sy omgewing. Ten gevolge van sy verstandelike gawes is die mens in 'n baie hoë mate, egter nie heeltemal nie, vry van die natuurlike beperkinge wat deurslaggewend is in die lewe van diere en ander organismes.[2]) Deur eie keuse en wilsbesluit reël die mens vir sover hy nie natuurgebonde is nie, sy eie proses van aanpassing. Die lewe in hom dwing hom om sy lewe in stand te hou, om sy heil en geluk uit te werk deur 'n proses van aanpassing, en hierdie proses van aanpassing is verstandelik, egter in medewerking met 'n „intelligente" hand en tong waarsonder die mens seer seker nie sou kon voortleef nie.

---

1) Coon, Garn and Birdsell: *Races: A study of the problems of race formation in Main*, 1950, bl. 23.
2) Oor die natuurlike vryheid van die mens, vgl. Bidney: *Theoretical Anthropology*, bl. 9-10.

(*b*) *Aanpassing van die mens 'n proses van skepping.*

Die natuur sorg dat die dier aangepas is by sy omgewing en aangepas raak of uitsterf by verandering van omgewing. Die lewe wat die dier ly, hoe hy dit ly, word deur die natuur gereël en is deur die Skepper in hom gelê. Sy proses van voortplanting, wat hy eet en hoe hy dit verkry bewaar en gebruik is vir elke dier stereotiep. Net so ook sy wyse van verdediging teen vyande en beskerming teen die elemente. Die vorm wat 'n dier se lewe aanneem is saam met die dier geskape en albei is die resultaat van die werking van die Skepper. Kennis van sy lewe, hoe dit ingerig moet wees, is by sy skepping ingebed in sy natuur en daaraan is hy gebonde. Waar diere en ander lewende organismes skeppend werksaam is, geskied dit ook soortgebonde. Die skeppinge van bye, miere, bewers, en voëls is natuurgebonde en staties. Dit kan alleen verander as daar 'n natuurverandering intree. Die vinke van vandag bou hulle neste nog net soos die eerste vink dit gedoen het, en as 'n vink die nes van 'n duif bou, is hy nie meer 'n vink nie. Die Skepper self is absoluut verantwoordelik vir die gestalte wat die lewe van alle lewensvorme aanneem behalwe in die geval van die mens.

Die mens kultiveer homself en hierdie proses van selfkultivering wat 'n gelukkige bestaan en voortbestaan beoog, gee gestalte aan die lewe van die mens. In die opsig kan ons met BIDNEY saamstem. Hy sê: „To cultivate an object is to develop the potentialities of its nature in a specific manner with a view to a definite end or result. Thus, for example, agriculture is the process whereby the potentialities of the earth and of the seas are cultivated with a view to the growing of edible plants. In the like manner, "antropoculture", as it may be called, comprises the various ways in which man has tended his nature so as to make it grow or develop."[1])

Die menslike proses van voorplanting is deur die mens self gereël en verloop volgens 'n hele reeks van verskillende patrone by verskillende volke. So is sy proses van insameling, produksie, verdeling en verbruik van voedsel en sy wyse van beskerming en verdediging. Dit verskil van volk tot volk. Elke volk doen dit op sy eie wyse. Wat hy doen, hoe hy dit doen, waarmee en wanneer word deur die mensself oor besluit en op verskillende plekke en op verskillende tye is daar verskillend besluit volgens die eise van omstandighede. Die mens is selfstandige skepper en hy skep sy lewe teen die agtergrond van die omgewing waarin hy woon. Die gestalte wat sy lewe aanneem toon 'n bonte wisseling in ruimte en tyd. By gevolg is die lewe van die mens en die vorm wat dit aanneem buitegewoon dinamies en veranderlik. Verandering in die lewe van die mens bring geen wesens- of soortverandering in die mens te weeg nie. So ryk as wat sy ideë wêreld is so ryk is die vorme waarin sy lewe gestalte aanneem. Ten gevolge van sy hoër intellektuele gawes het die mens 'n aanpassingsvermoë

[1]) T.a.p. p. 125. Die enigste punt van verskil is dat ek onder „nature" veel meer verstaan as BIDNEY.

wat weergaloos is in die ganse lewende wêreld. Hy is skepper *par excellence* en word daarin alleen deur die Al-skepper self oortref. Die mens is generator van sy eie gedagtes en hy het die vaardigheid om sy uitgekristaliseerde gedagtes, begrippe, in vorme in te klee deur middel van die stof wat sy omgewing hom bied.

Wat die mens totstand kan bring hang saam met die natuurlike beperkinge wat in sy natuur en wese opgesluit lê en die beperkinge van sy tyd-ruimtelike omgewing. Hy kan net dit tot stand bring waartoe hy instaat is, binne sy eie wesensbeperkinge (innerlik) en sy omgewingsbeperkinge (uiterlik). Dit spreek dus vanself dat die vorm wat sy lewe aanneem deurslaggewend deur hierdie twee beperkingsfaktore bepaal word. Die mens self, synde wat hy is, en sy omgewing synde wat dit is, is menslik gesproke vir die mens se lewe absoluut deterministies. Ons sê menslik gesproke want daar is een aspek wat ons in gedagte moet hou. Hoewel ons hierbo gekonstateer het dat die mens die generator van sy eie gedagtes is, is dit ook waar (1) dat die mens deel is van die skepping en dat die Allerhoogste in sy lewe kan ingryp, en (2) dat die mens deur medium van sy gees genereer en so kan die gedagtes van die mens ook Goddelike gedagtes wees. So kan die skeppinge van die mens Goddelik-geinspireerde skeppinge wees wat uit die aard van die saak in harmonie moet wees met die res van Gods skepping. Vir sover die mens se skeppinge die resultaat is van sy selfdenke, die werking van sy selfgerigte gees, sover is dit vreemd van die orde van God, sover vorm dit 'n menskoninkryk wat deur die mensheid in isolasie van God[1]) tot stand gebring is, sover is dit die mensheid in dwaling. Goddelike gedagtes en mensgedagtes vind uitdrukking deur die selfde rede, word gevat deur die selfde verstand. Hoeveel van die mensgedagtes goddelik of dwalend is, is aan die mens uit homself onbekend. Dat die mens in dwaling is, is duidelik want aan die vrugte sal jy die boom ken.

Die gestalte wat die mens se lewe aanneem is dus op tweeërlei wyse onderhewig aan die skeppende werksaamheid van God: (1) Hy het die mens en sy omgewing geskape en iets anders as wat hy is, kan hy nie wees nie. Homself nog sy omgewing kan hy herskep. Homself en sy omgewing kan hy modifiëer, ja, dit kan hy, maar verander, dit kan hy nie. Vandaar dat die lewe van die mens as skepsel 'n eenvormige patroon sal moet vertoon. (2) Goddelike gedagtes kan in die mens neerdaal en so die mens as skeppende werktuig gebruik. So kan die Skepper deur die mens skep en langs hierdie weg 'n vormende aandeel hê in die bepaling van die gestalte van die mens se lewe.

---

[1]) **In isolasie alleen wat sy denke en die vrugte daarvan betref.**

(c) *Die gestalte van die mens se lewe: Aanpassing volgens eie aard en aard van omgewing.*

Bo het ons reeds betoog dat die wisselwerking tussen die aard van die mens en sy omgewing verantwoordelik is vir die besondere vorm wat die mens se lewe aanneem. Dit is vir ons nodig om hierdie punt verder uit te bou.

Die mens is 'n eenheidswese. Waar ons bo die wesenstrekke van die mens as biologies, intellektueel, spiritueel en sosiaal beskrywe het, moet ons hier in gedagte hou dat hierdie wesenstrekke gelyktydig en geïntegreerd in aksie en tot ontplooiing kom. Wanneer die mens as biologiese wese leef dan kom die ander sye van sy bestaan: die intellektuele, spirituele en sosiale gelyktydig ook tot uiting in die lewensbeeld. Die mense leef as hele mens. Hoewel die mens as hele mens leef en as sodanig betrag moet word, is besondere fasette van sy lewe egter nouer verbonde met een of ander besondere wesenstrek.

(i) *As biologiese wese.*

As biologiese wese moet die mens voldoen aan die eise van die natuur vir sover hy daaraan gebonde is om te leef en gelyk te bekom. Die wyse waarop die mens in sy natuurbehoeftes voorsien, is gekultureer: die mens vang en dood sy wild volgens bepaalde metodes en voorskrifte en deur middel van gereedskappe wat hy vir die doel vervaardig het. Hy tree nie alléén op nie en ook nie nét vir homself nie. Hy moet ander in ag neem volgens voorskrifte wat wissel van maatskappy tot maatskappy, die sosiale groep waarvan hy lid is. Hy léwe nie net vir homself nie. Wat hy insamel moet hy met bepaalde persone deel. Om die proses van insameling van voedsel uit die omgewing is 'n patroon van handeling, doen en late, geweef wat die gedrag van elke mens in die opsig binne 'n bepaalde groep grotendeels bepaal. Dit geld vir enige volk op watter wyse hy nou ook al sy voedsel en voorwerpe wat hy as waardevol beskou byeenbring, distribueer en verbruik. 'n Ekonomiese organisasie, stelsels van produksie, distribusie en konsumpsie met alles wat daarmee saamhang is tipies in die kultuurpatroon van elke volk.

So is die voortplantingslewe van die mens ook gereël. Dit is ook onderhewig aan 'n bepaalde patroon van handeling wat van groep tot groep van mense verskil en wat binne elke groep deur elke lid in daardie groep grotendeels gevolg word.

Op dieselfde wyse is die mens se wyse van verdediging en beskerming teen die elemente en die natuur volgens 'n bepaalde patroon en ook deur middel van tegniese skeppinge ingerig.

Wanneer die mens as biologiese wese leef, is die vorm wat die lewe aanneem nie direk deur die natuur gereël nie maar word gereël deur die werking van sy verstand. Sy handeling op hierdie terrein van sy lewe is

verstandelik gekultiveer of anders gestel: dit is gekultureer. Tot oormaat van duidelikheid moet ons dit hier weer stel dat die selektiewe werking wat die natuurlike omgewing op ander organismes uitoefen by die mens nie op dieselfde wyse voltrek word nie. Die mens pas aan by sy natuurlike omgewing deur die filter van sy skeppinge en daarby vorm sy skeppinge op sigself ook vir hom 'n omgewing waarby hy moet aanpas en wat in die vorm van kulturele seleksie 'n selektiewe uitwerking het.[1])

(ii) As *intellektuele wese.*

Die mens kan nie leef sonder dat sy intellektuele hoedanighede in werking tree nie. Die mens is onaangepas en hy moet hom aanpas deur middel van skeppinge wat die vrug is van sy verstandelike gawes en ander skeppingsvermoëns. Dit kom tot uiting soos ons reeds in die vorige afdeling uiteengesit het, op elke terrein en in elke faset van sy lewe. Hy vorm vir hom 'n idee van hoe hy moet handel onder die eise van omstandighede en dan handel hy volgens daardie idee wat hy verstandelik gevorm het.

Afgesien hiervan leef die mens 'n intellektuele lewe. Hy lewe met sy verstand in 'n wêreld van idees en begrippe wat aan hom sekere eise van aanpassing stel. Ten gevolge van sy spraakvaardigheid kan hy hierdie begrippe verklank en so vind daar 'n uitruiling en oordrag van idees plaas. Hy ontwikkel 'n sisteem van kennis wat deur middel van spraak aangevul deur skrif van een geslag na die ander oorgedra kan word en so een geslag na die ander in die proses van aanpassing, die proses van lewe, ten goede kom. Die menslike wetenskap, sy wysgerige beskouinge oor homself en wat om hom is, is die gestalte wat sy lewe op intellektuele gebied aanneem en wat ten nouste geïntegreerd is met die ander sye van sy lewe. Taal, wetenskap en wysgerige beskouinge is tipiese fasette van die lewe van elke volk. Skeppinge van die mens op hierdie terrein vorm vir die opgroeiende individu 'n wêreld van idees en begrippe waarby hy hom moet aanpas. Dit vorm ook hier 'n baie belangrike omgewingsveld waarbinne die mens moet leef.

(iii) As *spirituele wese.*

Die mens is spirituele wese. Hy weet van sy wyer en diepere spirituele verbindinge al kan hy dit nie verstaan en ken nie. Hy weet van die bestaan van 'n nie-tydruimtelike orde waartoe hy in sy gees deurgang het en waaruit hy in sy gees die werking kan aanvoel. Hy weet. Hy weet van 'n wêreld waarmee hy ook verbinding het en waarmee hy in harmonie moet kom om gelukkig te wees. Hierdie wêreld en die kragte wat daarin werksaam is, ken hy nie. Hy maak egter vir homself 'n voorstelling of voorstellinge van wat hierdie wêreld en die kragte daarin is en van hoe hy moet handel om in

---

[1]) Vgl. Coon, Garn en Birdsell: *Races* p, 65 et sec. asook Herskovits: *Man and his Works.*

harmonie daarmee te wees en te bly. So kry mens onder die volke van die wêreld 'n verskeidenheid van wyses waarop die bonatuurlike voorgestel word en 'n verskeidenheid van wyses waarop die mens hom moet gedra en waarvolgens hy moet handel om in harmonie daarmee te wees. Godsdiens in een of ander vorm is tipies in die lewenspatroon van al die volke van die wêreld.

Die skoonheidskeppinge van die mens hang ten nouste saam met die mens se verlange en strewe om in harmonie te wees met die immaterieële. Dit is 'n behoefte van die menslike gees om tydruimtelike skeppinge tot-stand te bring waarmee hy resoneer en waarin dit vreugde en geluk mag vind. Langs hierdie weg bewerkstellig hy harmonie om hom. Dit sluit in skoonheid van vorm, kleur, klank, lyn en beweging. Al hierdie skeppings-verskynsels is in die kultuur van volke aanwesig.

(iv) *As sosiale wese.*

Die mens is vir sy voortbestaan afhanklik van ander mense. Soos reeds aangedui dwing die wyse van voortplanting mense na mekaar toe en hou hulle bymekaar terwille van die nakroos. Biologies-organies groei een mens uit die ander mens en hierdie organiese verband bly voortbestaan in die vorm van geestelike en emosionele bande wat in die kulturele patroon gestalte vind. Elke persoon bly 'n kind van 'n vader en moeder saam met ander kinders selfs al het hulle die volwasse stadium bereik. Hierdie aan-eengeskakeldheid vind uitdrukking in 'n stel van verhoudinge en gedrags-patrone wat in steeds wyer kringe uit vertak en waardeur groot groepe mense aanmekaar sosiaal-organisatories in verskillende vorme aan mekaar geskakel word. Naas hierdie sosiale organisasie bestaan daar 'n hele reeks van instellinge wat werk ter instandhouding van die sosiale orde en wat die verhoudingspatrone tussen mense instand hou en konsolideer: 'n reg- en regeringstelsel wat regte beskerm en verpligtinge instand hou en wat die hele koers van die sosiale eenheid in sy lewe bepaal. Sosiale organisasie in een- of ander vorm waarin elke individu sy status het en waarin elkeen sy rol speel, 'n regstelsel waarvolgens die sosiale orde gereël is en 'n regering in een of ander vorm is tipiese verskynsels in die lewe van alle volke van die wêreld.

Die implikasie van die sosiaalgebondenheid van die mens is dat sy aanpassing groepsaanpassing is op elke terrein van die lewe. Die individu-ele mens as 'n absolute isolaat is 'n onbestaanbaarheid. Elke mens leef, pas hom aan as 'n skakel, 'n sel, saam met ander skakels, ander selle, in die proses van lewe. Hierdie groter geheel bestaan uit dié mense wat deur 'n proses van groei tydens gesamentlike aanpassing 'n eenheidslewenspatroon ontwikkel het in hulle innerlike sowel as hulle uiterlike lewe, d.w.s. 'n ge-meenskaplike kultuur het, naamlik 'n volk of volkstam.

Die gestalte van die mens se lewe wat deur aanpassing aan die omgewing ooreenkomstig die menslike aard vorm aanneem, is dus die lewensgestalte van 'n sosiale groep wat deur 'n proses van groei sy verskyning maak. Omdat sulke sosiale groepe met dieselfde lewensvorm deur 'n proses van groei sy verskyning maak, kan ons sulke groepe sosiaal-organiese verbande noem. Sulke sosiaal-organiese verbande word met die terme soos reeds hierbo gebruik, stam en volk aangedui. Die lewe van die individuele mens vind in al sy verskillende sye in 'n baie hoë mate alleen gestalte binne die breër lewe van 'n volk of stam. Hiermee word die willende hoedanigheid en die oorspronklikheid van die individu nie ontken of misken nie; inteendeel dit is deur die skeppende werksaamheid van die individu as lid van die sosiale verband waardeur die lewe van so 'n sosiale verband tot ontplooiing kom.

Samevattend kan ons sê dat die lewe van die mens 'n proses van selfkultivering deur 'n proses van aanpassing van die omgewing, soos vroeër nader omskryf, inhou en dat dit 'n besondere vorm en inhoud aan sy lewe verleen wat alleen binne sosiaal-organiese verbande tot uitdrukking kom. Die kultuur van die mensdom dra kragtens sy herkoms 'n universele patroon maar manifesteer alleen in 'n verskeidenheid van afsonderlik geïntegreerde patrone en wel as die lewensgestaltes van 'n verskeidenheid van sosiaal-organiese verbande naamlik volke of stamme. Kultuur en sosiale verband is dus onafskeibaar met mekaar verbind, die een sonder die ander is wesentlik onbestaanbaar. Elke nuwe individu wat gebore word, kom te staan voor die lewenspatroon van die sosiale verband waarin hy gebore word. Hy groei allengs in die lewenssisteem in. Dit werk vormend op hom in as 'n omgewingsfaktor en so verkry hy deur 'n proses van inkulturasie sy posisie as aangepaste onderdeel in die groter geheel. Nuwe eenhede maak hulle verskyning en ou eenhede val uit maar die sosiale verband bly as 'n kontinium voortbestaan totdat die sosiaal-organiese verskynsel as sodanig nie meer aan die nodige lewensvoorwaardes kan voldoen nie. In so'n geval verander hy of stort in duie na die geval mag wees. Indien hy in duie stort word die lede daarvan in chaos gelaat totdat hulle opnuut weer in 'n organiese geheel uitgegroei het of in ander organiese eenhede 'n plek gevind het.

## 6. Die besondere belangstellingsentrum van die wetenskap wat betrekking het op die mens en sy lewe.

### (a) *Kort herbetragting van die mens en sy lewe.*

By wyse van rekapitulasie kan ons net die volgende weer duidelik vooropstel:

1. Die mens as biologiese, psigiese en sosiale wese leef deur aanpassing aan sy komplekse omgewing deur die werking van sy verstand.

2. In hierdie proses van aanpassing gaan hy skeppend te werk en bring so in sy lewe 'n orde tot stand wat van nature nie bestaan het nie.

3. Die lewensgestalte van die mens is nie die van indiwdue nie maar van sosiale verbande (volke, stamme) waarin indiwidue as lede kom en gaan.

4. Die vorm van die lewe wat sulke organiese verbande aanneem, lê opgesluit in die geïntegreerde, veelsydige lewenspatroon, kultuur, wat te voorskyn tree en uitkristalliseer saam met die verskyning en uitkristallisering van 'n sosiaal-organiese verband. So 'n kultuur is die kenmerk en die saambindende element van so 'n sosiale organisme. Dit is die faktor wat van 'n groep mense 'n organiese groep maak.

5. So 'n sosiale organisme is aan die een kant 'n biologiese en aan die ander kant 'n psigologiese eenheid.

6. Die lewe van sulke organiese menslike eenhede (volke, stamme) openbaar 'n hele reeks van fasette of aspekte: kulturele universalia, nl. die sosiaal-organisatoriese, ekonomiese, regs- en regerings-, kuns-, godsdienstige, kennis- en filosofiese, taal-, opvoedkundige en tegnologiese aspekte. Alle aspekte is egter as sye van 'n eenheidslewenspatroon en 'n eenheidslewensuitdrukking tot een geheel geïntegreer.

(*b*) *Die besondere sentrum van belangstelling van die menswetenskap.*

In die lig van hierdie oorweginge moet ons konstateer dat die menswetenskap hom nie net tot een faset van die mens se lewe kan bepaal nie. Dit vorm die besondere studie-terrein van verskeie spesialistiese wetenskappe: staatsleer, ekonomie, teologie, opvoedkunde, kuns, letterkunde, taalkunde, regte, en sosiologie.

Die menswetenskap kan hom ook nie bepaal tot een of ander wesenstrek van die mens nie. Dit vorm die werkterrein van 'n reeks ander dissiplines: sielkunde, fisiologie, anatomie, met 'n hele reeks van sub-dissiplines wat op een of ander sy van die mens as biologiese wese toegespits is. Dat sielkunde hierby verskyn impliseer nie dat sielkunde 'n natuurwetenskaplike dissipline is nie. Dit dui net aan, dat sielkunde toegespits is op die studie van die mens as psigiese wese.

Daar is dus twee boë van wetenskappe wat die mens bestudeer: die wat verband hou met die bestudering van die wesenstrekke van die mens en daarnaas die wat toegespits is op die sye van die mens se lewe. Ons wetenskap het geen plek op enige van hierdie twee boë nie. Dit vorm 'n siklus op homself.

Die menswetenskap moet die mens en sy lewe as 'n eenheidsverskynsel bestudeer teen die agtergrond van sy omgewing. Aangesien die mens alleen in volksverbande sy bestaan voer, sy lewe alleen binne volkeverbande vorm

aanneem, moet hierdie menswetenskap eintlik volkwetenskap wees. As ons die besondere belangstellingsveld van hierdie wetenskap nader moet presiseer dan kan ons dit soos volg doen: Dit is die wetenskap wat die mens in sy kompleksiteit bestudeer soos hy in sosiaal-organiese verbande al skeppend leef in 'n proses van aanpassing by 'n komplekse en in 'n groot mate veranderlike omgewing ooreenkomstig die besondere aard van die mens vanaf die vroegste tye tot vandag. Hierdie wetenskap sny dus oor die gewone verdeling van biologiese, geestes- en sosiale wetenskappe heen, omdat die mens nou eenmaal op al hierdie terreine 'n bestaan voer.

Die vraag ontstaan of dit nie van hierdie wetenskap 'n soort superwetenskap maak nie, wat al die ander wetenskappe wat die mens vanuit een of ander gesigspunt bestudeer, insluit nie. Die antwoord hierop is vanselfsprekend „nee". Al wat hierdie wetenskap na strewe is om 'n eenheidsbeeld van die mens en sy lewe te gee. Hy probeer 'n sintese bewerkstellig tussen die akteur, die drama waarin hy speel teen die agtergrond van die decor, as hierdie beeld my geoorloof word.

Daar bestaan 'n noue onderlinge verband tussen die verskillende lewensfasette van 'n volk. Die godsdienstige sy vind uitdrukking in elke ander sy tot selfs in die ekonomiese en tegnologiese. So is elke aspek geintegreer met elkeen van die ander. Dit alles is onderhewig aan sielkundige en biologiese grondslae en dit speel hom af in tyd (histories) en in ruimte (geografies). In hierdie tydperk van spesialisasie ook op die gebied van die mensgerigte wetenskappe is die ontplooiing van 'n wetenskap wat 'n sintese beoog 'n absolute noodsaaklikheid. Elke gespesialiseerde mensgerigte wetenskap kan nie die volle kennis oor die mens bring nie. Al die gespesialiseerde wetenskappe saam kan dit ook nie doen nie daar dit 'n atomistiese en gebroke beeld verskaf. Die geheel kan nie geken word deur kennis van die onderdele nie. Kennis van die onderlinge verband, van die onderdele in interaksie en in eenheidsaksie, is nodig. In hierdie behoefte probeer ons wetenskap voorsien.

'n Reusagtige taak? Ja, miskien onmoontlik, wanneer westerse volke en enigsins beskaafde volke as voorwerp van studie gekies word. Sulke volke se samestelling en lewe is so kompleks en so intens, so onderhewig aan 'n kruisbombardement van kruis en dwars dwingende idees waarvan die westerse volke veral die slawe geword het, dat die verkryging van 'n korrekte samegestelde beeld van die mens in hierdie lewensvorme haas onmoontlik is.

Dit is om hierdie rede dat ons wetenskap homself vandag nog in die eerste instansie wend tot die primitiewe volke. Hier het mens volksorganismes wat 'n eenvoudige lewensbeeld vertoon, wat oorsien en verstaan kan word. Hier het mens organismes waarin die lewensdeterminante van binne en van buite die mens 'n gebalanseerde spel speel, 'n gebalanseerde werking het. Hier kan 'n sintese maklik bewerkstellig word. 'n Beeld van

die eenvoudige gee dan bewyse van uitgangspunt, in perspektief, 'n beter begrip van die ingewikkelde. Langs 'n omweg kom ons wetenskap ook tot begrip en interpretasie van hoër kulture: die lewensbeeld van beskaafde volke. Deur hierdie omweg kom ons wetenskap ook tot die studie van beskaafde volke en hulle lewe, kan hy ook hier die sintese bewerkstellig. Die prinsipiële determinante wat in die lewe van volke werksaam is, is netsowel werksaam in die lewe van beskaafde volke en daarby moet ons ook onthou dat die westerse kultuur ook maar uit primitiewe kulture ontplooi het, dat die westerse volke ook maar uit primitiewe volke ontstaan het, al lê dit ver terug in die geskiedenis.

Ons wetenskap het dan besondere aanraking met elke ander spesialistiese mensgerigte wetenskap, wat vandag veral toegespits is op die westerse volke, en het ook veel van hulle te leer.

(c) *Presiese benaminge.*

Indien ons siening van die mens en sy lewe korrek is, nl. dat die mens en sy lewe in volksverbande onder invloed van bepaalde omgewingsfaktore besondere gestalte verkry, dan kan hierdie dissipline niks anders as *Volkekunde* genoem word nie. Dit is die studie van volke as biologiese, psigiese en sosiaal-kulturele (sosiaal-organiese) verskynsels. Die term Antropologie is misleidend. Dit impliseer die siening van die mens in geïsoleerde en nie in organiese verband nie. Op logiese gronde behoort die term volkekunde bo alle ander terme by aanduiding van die wetenskap wat die totale mens in organiese verband as studievoorwerp het, te geniet. Die term antropologie het egter so diep ingeslaan en word vandag oor die hele wêreld gebruik dat ons moeilik kan verwag dat daar afstand van gedoen sal word. Ons is derhalwe bereid om die terme antropologie, volkekunde en etnologie gedeeltelik op historiese en gedeeltelik op logiese gronde as sinonieme te aanvaar.

P. J. Coertze.